Agri SA

Mediaverklaring / Media Release

Privaatsak / Private Bag X 180 Centurion 0046, Tel +27 (0)12 643 3400, Faks/ Fax +27 (0)12 663 3178

Misdaad skaad ontwikkeling
Crime undermines development

21 Julie/July 2015

Misdaad skaad ontwikkeling

"Misplaaste eiegeregtigheid, gierigheid asook 'n gebrek aan respek vir lewe en eiendom, is simptome van die morele verval wat Suid-Afrika as ontwikkelende ekonomie en demokrasie tans beleef en groot skade berokken. Dit skep 'n persepsie-probleem wat verdiep terwyl die breër globale ekonomiese klimaat dit reeds vir Suid-Afrika moeilik maak om hom in die internasionale belegging- en geldmark te handhaaf. Dit is egter hoofsaaklik Suid-Afrika se interne probleme, waarvan die miskenning van die reg en misdaad belangrike elemente is, wat die grootste beperking op sy ekonomiese groei plaas, ook volgens die jongste bevindings van die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling", sê Johannes Möller, president van Agri SA.

Terwyl dié moraliteitsprobleem algemeen in die samelewing en op alle vlakke voorkom, betreur Agri SA verskeie onlangse voorvalle waar boere wreed vermoor en skade aan eiendom en growwe inbreuk op eiendomsreg op 'n plaas in KwaZulu-Natal gemaak is. Die aanval die afgelope naweek op ŉ bejaarde Vrystaatse boer onderstreep die erns van die probleem. "Ons simpatie en meegevoel gaan uit aan diegene wat naasbestaandes verloor of verliese gelei het", sê Möller.

Volgens Möller kan onderontwikkeling en armoede nie as regverdiging vir die miskenning van die reg en vir misdaad dien nie en lewer dit ook geen bydrae tot die oplossing daarvan nie. Hy sê dat die teendeel eerder waar is en dat misdadige optrede as sodanig beskou en hanteer moet word. Möller voel sterk daaroor dat goeie regering op alle vlakke, wat die toepassing en handhawing van wet en orde insluit, die voorkeur opsie moet wees wat met toewyding uitgeleef word. Op dié wyse kan daar meer en gelyke geleenthede vir Suid-Afrika se mense ontsluit word.

"Agri SA vra vir beleidsrigtings wat vertroue by rolspelers in die bedryf sal skep en sodoende tot groei en ontwikkeling bydra. Die organisasie en sy lede besef die uitdagings om die bedryf meer inklusief te maak en die oorgang so te bestuur dat dit bydra tot kwaliteit werkgeleenthede en voedselsekerheid vir almal. Daar moet egter verstaan word dat landbouhulpbronne beperk is en dat ontwikkeling en respek vir lewe en eiendom twee kante van dieselfde munt is", het Möller toegevoeg.

Uitgereik deur Agri SA, Direktoraat: Korporatiewe Skakeling

Navrae
Mnr Johannes Möller, President Agri SA, 082 647 8481
Mnr Hans van der Merwe, Uitvoerende Direkteur, Agri SA, 012-643 3400 of 082 388 0001

Crime undermines development

"Misplaced self-entitlement, greed, as well as a lack of respect for life and property, are symptoms of the moral degeneration that South Africa, as developing economy and democracy, currently experiences and which causes great harm. It creates a perception problem that deepens while the broader global economic climate already makes it difficult for South Africa to perform within the international investment and money market. However, it is mainly South Africa's internal problems - of which the disrespect of the rule of law and of crime is but two - that remain the greatest obstacle to economic growth, also according to the latest findings of the Organisation for Economic Cooperation and Development," says Agri SA President Johannes Möller.

While this morality problem occurs generally in society and at all levels, Agri SA deplores the latest incidents where farmers were brutally murdered, and damage was caused to property, including gross breach of property rights, on a farm in KwaZulu-Natal. The attack on an elderly Free State farmer last week serves to emphasise the seriousness of this phenomenon. "Our sympathy and condolences go to out those who lost their loved ones and have suffered losses," says Möller.

According to Möller, underdevelopment and poverty cannot serve as justification for disregard of rights, the rule of law and crime. Such behaviour cannot contribute towards a solution of socio-economic challenges. He says the opposite is in fact true and that criminal action should be seen and dealt with as such. Möller is of the view that good governance at all levels, which includes the application and enforcement of law and order, should be the preferred option and should be adhered to with dedication. In this way more and equal opportunities can be unlocked for South Africa's people.

"Agri SA is asking for policy directives that will create confidence in the industry among role players and so-doing contribute to growth and development. The organisation and its members are aware of the challenge of making the industry more inclusive and to manage the transition in such a manner that it contributes to quality jobs and food security for all. It is important to understand, however, that agricultural resources are limited and that development and respect for life and property are two sides of the same coin," added Möller.

Issued by Agri SA, Directorate: Corporate Liaison

Enquiries
Mr Johannes Möller, President Agri SA, 082 647 8481
Mr Hans van der Merwe, Executive Director, Agri SA, 012-643 3400 or 082 388 0001